Bosveld Jagters- en wildbewaringsvereniging Letaba Tak

Ge-akrediteer deur SAPD Akkreditasie nommer 1300084
Posbus 1989, Tzaneen, 0850 Tel: 071 8714 710 Faks: (086) 5549798
E-pos: letaba@bosveldjagters.co.za Web adres: www.bosveldjagters.co.za

## Notule van die BJV Letaba Ledevergadering gehou op 2012-05-03 om 18:00 te BJV Letaba Klubhuis Tzaneen

**1. Opening en verwelkoming**:
Hansie Botha verwelkom almal teenwoordig en open met gebed.

**2. Doelstellings:**
Leon Whitehead lees die doelstellings voor.

**3. Lief en Leed:**
Giam het pa geword.
Sterkte vir Hansie met siekte.

**4. Verjaarsdae :**
Hansie wens almal geluk wat gedurende die afgelope maand verjaar het.

**5. Teenwoordig:**

**5.1 Soos per presensie lys.**

**5.2 Verskonings:**

Ivy Iverson
Chris de Wet
Andre le Grange
Johnny Rech
Carl Buitendach

**6. Vorige notule:**
Die vorige notule word aanvaar. Ettienne Sales voorsteller en Bosman Kruger sekondant.

**7. Finansies & Administrasie:**
Bosman Kruger lê finansiële verslag voor:

| | |
|---|---|
| **Spaarrekening Saldo (kroeg)** | **R 15 625-32** |
| **BJV Spaarrekening** | R 64 502-18 |
| **BJV Tjekrekening** | R 5 689-09 |

| **Kontant op hand** | R 17 000-00 |
|---|---|

"Point of sale" is in die kantor en moet geïmplementeer word.

**8. Nuwe Lede & Toegewyde Status**

**8.1 Nuwe Aansoeke:**

| | | |
|---|---|---|
| Willem Hendrik Loots | Jnr. Lid | Goedgekeur |
| Jacobus Lakok de Jager | Jnr. Lid | Goedgekeur |
| Hein van Wyk | Jnr. Lid | Goedgekeur |

**8.2 Toegewyde Jagterstatus**:
Geen.

**9. Sake voortspruitend uit die vorige notule**:

**9.1 "To do List" :**
Hansie het met Brown gepraat. Brown is fisies nie sterk genoeg om met die masjinerie te werk nie.
Bosman stel voor dat daar 'n kwotasie vir tuindienste gekry word. Hul kan dan die tuin en terrein in stand hou.

**9.2 Hek :**
Alf is besig met die hek, die plaveistene moet net geskuif word.

**9.3 Drein :**
Die drein is klaar gebou, drein se blad moet net gegooi word.

**9.4 100 m Skiet-punt :**
Giam is besig met die uitleg daarvan. Daar sal nie ses bankies inpas in die uitleg nie. Die vorm "mould" vir die bankies sal deur Hansie na die klub gebring word. Die dak sal net "gestep" word. Die kostebepaling word deur Giam voorgelê;

*Koste;* ± R 25 000-00

Voorstel dat daar borge gewerf word en die res van die koste dan vir goedkeuring aan die dagbestuur voorgelê word.

**10. Klubhuis & Skietbaan gronde:**

**10.1 Voordeur :**
Hansie bedank Malan vir die nuwe voordeur asook Christo Toerien en Kallie Osmers vir hul bydrae.
Hansie sal met Kobus Naude opvolg aangaande die alarm wat weer geaktiveer moet word.

**10.2 Arbeid :**
Die vyf CV's wat ontvang is sal Saterdag deur die Dagbestuur oorweeg word Vir die sekretaresse pos.

**10.3 Klubhuis :**
Hansie bedank almal wat hard werk by die kroeg en klub.

**11. Skietbaan :**

**11.1 100 m Baan :**
Giam sal die uitbreiding van die 100m baan hanteer.

**11.2 Skadunet :**
Chris Venter sal die skadunet vir die 200 m skietput hanteer.

**11.3 Praktiese pistoolskietbaan :**
Probleem met SAPD lede wat die baan gebruik. Voorstel dat hul eerder op die PINS se baan skiet. Chris Venter sal tien teiken staanders maak met buitebande. Hansie sal 'n bord maak vir die SAPD en hy sal ook met die SAPD Mopanie opleiding koördineer.

**11.4 Teiken staanders :**
Voorstel deur Cor dat die klub dieselfde prinsiep staanders as die LSSK gebruik. Alwin Fleischman stel voor dat daar eerder na die Pietersburg klub se prinsiep gekyk word m.b.t. die teikenrame met die groeperingskiet.

**11.5 Kroeg :**
- Die kroeg is wel beskikbaar indien daar reëlings getref word vir 'n braai op Vrydae.
- Advertensie moet opgestel word vir die kroeg se reëling.
- Daar is 'n bottel op die kroegtoonbank waar lede 'n donasie kan maak vir die versnaperings tydens die vergaderings.

**11.6 Uitverhuur van die klub :**
Joseph Hartman huur die klub en tente vir sy vyftigste verjaarsdagviering.

**11.7 Elektrisiteit :**
Wynand Haar sal elektriese sertifikaat hanteer vir die kragpunte by die karavaanpark.

**12. Skietdae :**

**12.1 5 Mei 2012 :**
**Alwin;** Hanteer handwapenjag en .22 skiet – vyf ghonge.
**Cor;** sal die CHASA hanteer.
**Stormende leeu;** in die eerste bay.

**Boog;** Leon sal dit hanteer (50 punte)

**12.2 LSSK Prakties Interprovinsiaal :**
Almal is welkom om te kom kyk dit is 'n interprovinsiaal tussen Limpopo en Mpumalanga.
BJV gee toestemming vir die gebruik van die tafels en stoele.
Geen fooie sal gehef word deur die BJV vir die gebruik van die klub nie. Die kroeg en kombuisfasiliteite sal deur die LSSK gebruik word.

**13. DVD :**
Chris en Hansie sal verder koördineer, dit lyk tans goed. Dit is belangrik dat borge genader word.

**14. Opleiding :**
Vanaf 9 – 12 Augustus is die junior 2 kursus te Mussina.
Die senior kursus vind plaas gedurende dieselfde tydperk.

**15. Kleiduif :**
Geen.

**16. Boogjag :**
Geen nuwe sake

**17. Handwapenjag :**
Geen nuwe sake

**18. Buskruit :**
Geen nuwe sake

**19. Windbuks :**
Daar word nog buitebande benodig.

**20. Uitvoerende vergadering :**
Etienne Sales gee terugvoer.

**21. Fondsinsamelings :**

**21.1 Advertensieborde :**
Hansie kan gekontak word vir die plaas van advertensieborde.

**21.2 Boomplantdag :**
Chris bemark boomplantdag en 'n donasie van R50-00 kan gegee word, of alternatief R150-00 per boom en dan sal die naam van die persoon op 'n plaatjie op die boom aangebring word.

**22. Algemeen en Vasstellings en byvoegings tot die Agenda :**

**22.1 CHASA Hofsaak :**
Geen terugvoer.

**22.2 Bestuursjag;**
26 – 29 Julie 2012
Karl Osmers kan nie meer help met 'n geskikte plaas nie. Tinus onderneem om navraag te doen.

*Die volgende Ledevergadering sal plaasvind op **Donderdag 7 Junie 2012** om **18:00** by die **Klubhuis.***

………………………………………
Voorsitter